



KAMMANUUS

Nommer 379

21 Julie 2014

'n Publikasie van onsdorp.com

TOULEIER



ANDERKANT DUSKANTLAND

In snerpende Lesotho laai jy maar kinders op

Hoofstuk I, Deel V

Soos ek laas week vertel het, pendel 'n paar van ons daaglik oor die Mafika-pas wat ook self in aanbou is. Soggens vroeg is dit meestal skoolkinders wat mens langs die pad kry. Omtrent almal het een of ander uniform aan, 'n nalatenskap van die menigte sendingstasies en die Britse koloniale invloed.

Lesotho is een van die geletterdste lande in Afrika, maar die tragiek is dat daar nie werk is vir die meeste mense nie. Hoewel daar streng opdragte is dat ons nie mense mense langs die pad mag oplaai nie, kan ek soms dit net nie oor my hart kry om net verby te ry nie. Veral nie as dit een van daai snerpende koue Lesotho oggende is met die windjie reguit uit die Suidpool nie.

Die probleem is almal wil opklim as jy stop, so 'n mens moet maar 'n groepie kies wat nie die bakkie gaan oorlaai nie. Dan maak ek darem ook seker hulle kant se deur is mooi toe en dat elkeen agterop sy sit gekry het. Almal styf teenmekaar soos opgepofte mossies op 'n draad. In die laaglande was daar juis 'n ongeluk waar een van my kollegas sy bakkie op 'n draai omgegooi het met 'n klomp skoolkinders agterop.

Gelukkig was daar net ligte beserings, maar die nadraai was 'n lang en uitgerekte storie tussen die ouers van die beseerdes, ons maatskappy en my arme werksmaat. My voorkeur was om liever meisies op te laai. Hokaai, dis nie oor wat party sal dink nie! Met vier of vyf lyfies hier saam met jou in die kajuit - wat in elk geval in die eerste plek na paraffien ruik omdat die primus stook en die paraffienlamp nog steeds die voorkeur hitte en ligte bronne van Lesotho is - besef jy gou in Lesotho se koue is die seuntjies nie so lief vir seep en water soos die meisies nie.

Glo my, op 'n nugter maag is dit nogal 'n belangrike oorweging. So 'n paar kilometer verder sal een dan aandui ek kan maar aftrek want hulle skooltjie is naby die pad. So kry ek dan my gereelde saamryers en leer ons mekaar ken.

Ons permanente kamp anderkant die Mafika-pas en neffens die Malibamatso-rivier vorder fluks en ek maak gereeld daar 'n draai op pad werk toe. Ons klompie is hewig in bespreking oor watter huis die beste ligging gaan hê en elkeen het gou sy oog op 'n spesifieke een. In Ha Lejone self stop ek ook gereeld by wat 'n mens kan klassifiseer as 'n winkelkafee.

My een maat was betrokke by die aanvanklike geotegniese ondersoek wat elke projek gewoonlik vooruitloop en het die winkeltjie aan my gaan uitwys wat volgens hom die beste maghoenjas maak in hierdie geweste. Maghoenjas, die middelste deel uitgespreek soos ghoen, is Lesotho se weergawe van 'n vetkoek, net baie kleiner en rond en met 'n soet smakie. Omtrent die grootte van 'n gholfbal.

Hulle braai dit in diep olie en as hy nie in vars olie gemaak word nie, slaan daar gewoonlik die smaak van lampolie deur. Vir 'n rand of twee kry jy dan so ses maghoenjas in 'n bruinpapiersak wat dan lekker smaak, veral saam met koppie koffie by die werk. Dit was die eerste deel van die vele smaakervarings wat ons nog in baie ander lande sou oorkom.

Word vervolg.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Lees die begin van die storie op www.onsdorp.com

Om die kampvuur

Uit die geskiedenis

In die ou dae was Brittanje en Frankryk gedurig in 'n oorlog gewikkel.

In een veldslag het die Franse 'n Engelse kolonel gevange geneem en hom ondervra.

"Waarom dra julle Britse offisiere altyd rooi uniforms? Weet julle nie dit maak julle maklik teikens nie?"

"Ja," sê die Britse offisier, "maar as ons geskiet word, wys die bloed nie, en die soldate wat deur ons gelei word raak nie paniekerig nie."

En dit is hoekom, van daardie dag af tot vandag toe, die Franse offisiere bruin broeke dra.

DIE TALIBAN

Jy is lid van die Taliban as:

1. Jy heroïen verbou, maar morele besware teen bier het.
2. Jy 'n masjiengeweer van R30,000 en 'n vuurpylwerper van R50,000 besit maar nie skoene kan bekostig nie.
3. Jy meer vroue as tande het.
4. Jy jou stert met jou kaal hand afvee, maar varkspek as "onrein" beskou.
5. Jy dink TV is gevaarlik, maar jy dra gereeld plofstowwe aan jou lyf.
6. Jy verbaas is dat selfone nie net gebruik kan word om bomme te ontsteek nie



GEBRUIKTE MOTORS

Oom Kallie en tant Anna, wat hulle hele lewe lank geboer het, trek na 'n meenthuisie.

Ná 'n maand in die stad sê tant Anna vir oom Kallie: "Ag nee wat, ou Kallie. Ek dink ons moet vir ons 'n klein motortjie koop. Ons kan nie net hier sit nie! Ons moet darem kan rondry en plekke sien!"

Oom Kallie was 'n groot Ford-man, en hy maak toe die koerant oop by die motorseksie. Hy lees "Escort Agency" en skakel sommer dadelik die nommer.

Oom Kallie: "Dagsê dame. Het julle enige Escorts en hoeveel kos hulle?"

Dame: "Ja Meneer, ons het. Hulle wissel tussen so R200 en R250."

Oom Kallie: "Genade, my meisietjie! Wie het hulle so in hulle moer in gery? Is daar nog van hulle wat kan loop?!"

**Die wêreld skuld jou niks –
hy was eerste daar.**

- Mark Twain

Die herkoms van ons gesegdes (33)

Orig: Moenie jou orig hou nie (moenie jou met ander se sake bemoei nie) Afgelei van "jou ore oophou" en dus weet wat ander mense doen en jou dan daarby inmeng.

Peetje: Jou peetje af wag (baie lank wag)

Peetje is 'n ou woord vir "oorgrootvader, -moeder". "Moeder" word vervorm tot (die plat vorm) "moer" in al die uitdrukkings waar peetje voorkom; in hierdie geval is dit dus dieselfde as jou moer af wag.

Peetje: In jou peetje wees (bankrot, onderdeur, tot niet wees)

In hierdie uitdrukking dieselfde as in jou moer wees.

Pen: Aan die pen ry (verantwoording doen)

Vroeër is 'n houtpen deur die neus van 'n vark gestee en so vasgemaak dat die dier nie kon vroetel of woel nie. Ander diere is ook met 'n tou of riem aan 'n pen vasgemaak sodat hulle kon wei maar nie wegdwaal nie. Om aan die pen te ry se figuurlike betekenis is dus om vas te wees – soos in die hande van die gereg.

Perd: Gou op jou perdjie wees (gou kwaad word)

Uit die Middeleeue: as iemand sy humeur vinnig verloor het, was hy sommer dadelik gereed om sy teenstander uit te daag tot 'n tweeveg op perde met lanse.

Duskantlander in Anderkantland

Die kleur van vraag en aanbod is GEEL

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou, skryf uit Ghana

Verlede week, vroegoggend, stap my kombuisfeëtjie moedeloos die kombuis in. Die taxi-ouens het haar amper dubbel gevra vir haar pendelrit want die héle Ghana het oornag opgedroog. Die "go-go-juice" – bedoelende brandstof – is skielik nie beskikbaar nie.

By die inkopiesentrum is dit duidelik die klomp op straat het reeds verder gedink en 'n geldmaakfoefie bedink. Sodra dit voorkom of jy parkeer, hol die ouens geelkannetjie in die hand na jou mouter toe. Hulle béste prys wissel van so R49 na R110 per liter.

In die RSA staan die venster verkopers net lui-lui rond. Hierso is hulle ywerig en rats tussen die lang stadige verkeer soos miertjies tussen die mouters deur. Jy kan jou huisinkopies op pad huistoe so vanuit die moutervenster doen. In die stadige verkeer hol die ouens op en af en bied jou elke moontlike slenter so in die ry-stop aan.

Nou, as ekspat, het jy twee opsies: Laat die drywer in die tou staan en sy petrolkoopbeurt afwag, óf koop op straat van die swartmark. As jy die laasgenoemde wen-idee oorweeg, wéét maar iewers het 'n slim Piet die ou kannetjie opgetop met kraan- of seewater.

'n Leë geel olie plastiekhouer is gewoonlik so ietsie wat die mense van Ghana iewers onder die kombuistafel wegsteek. Oor die algemeen stoor hulle water daarin en menigte kombuis bekvegte het al ontstaan as iemand waag om die ding weg te dra of verkwansel aan 'n plasiëkkoper op straat. In die volksmond noem hulle dit "gallons". Geel houers is slimkoop, van oliekoop in twintig liters nét voor Krismis wanneer olie so skaars is soos hoendertande.

Geel houers is 'n teken dat een of ander oorbetalde politieke vark aangejaag het. In President John Agyekum se tyd was Ghana waterloos en is kosbare water daarin gestoor.

Gedurende President Kufour se tyd was daar 'n tekort aan olie en rys, en nou met President Mahama is Ghana sonder brandstof. Smaak my elke president moet verkiesingstyd sy vlaggies en T-hempies hou en eerder "gallons" uitdeel.

Ons brandstof se pryse, anders as in die RSA, word nie gereguleer deur die staat nie. Elke handelaar kan self sy prys vasmaak soos hy wil. Drywers en taxi-ouens twiet en SMS mekaar waar en wie die beste prys aanbied. My drywer is heeltid op die foon. Hy hou sy ore oop en netwerk met sy kollegas. Ons mammies wat weekliks tee drink, kinders op-en-aflaai en nodige inkopies doen reël saamrygeleenthede en gee inkopielysies aan vir mekaar.

Die koerante is vol aaklige berigte oor brandstof-ongelukke

Die verkeer is gekker as gewoonlik met mouters wat orals van droogte so in die ry vrek. Hierso word 'n mouter nié uit die pad getrek wanneer jy gaan staan nie – almal wip so koes-koes om die wrak.

By die brandstofstasies is die situasie naby aan keel-afsny. Daar is drywers wat vir twee dae in hulle mouters oornag in die wagtou wat kronkel al om die vulstasies. Een ry is vir motoriste en 'n ander tou is vir klein swartmark-handelaars wat so sit-sit op hulle geel plastiekdromme wag.

As die petroljoggies nie soos wafferse kapokhaantjies mekaar aansê nie is dit die humeure van die arme sotte in die kronkel wagtou wat meëgee. Party handelaars verkoop nét 20 liter per kliënt, maar dan sit daar nog drie insittendes, elkeen met 'n twintigliter geel plastiek oliëkan op die skoot!

Die koerante is vol aaklige berigte oor brandstofongelukke wat met vlamme en mense te make het.

Nog berigte lui van petroljoggies wat brandstof skelmpies sypel en wegsteek vir eie gewin en beter swartmark pryse. Politiek se ape gooi mekaar in die koerante met modder en ministeries laat weet die plastiek kanne is onveilig. Die president vra op die nuuslesing vir geduld en kalmte.

Smaak my dit gaat nog baie erger word voordat dit beter sal word.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

POTLODE

Die romantiese vrou stuur 'n teksboodskap aan haar man.

"As jy slaap, stuur my jou drome. As jy lag, stuur jou glimlag. As jy eet, gee my 'n happie. As jy drink, stuur vir my 'n slukkie. As jy huil, stuur my jou trane. Ek het jou lief."

Haar man, nie die romantiese soort nie, teks terug:

"Ek is op die toilet. Adviseer my asseblief."

KOPPE

Koos: "My skoonma woon nou al van ons getroud is by ons en sy maak my gek!"

Jan: "Hoekom vra jy haar nie mooi om pad te gee nie?"

Koos: "Nee, die huis behoort aan haar."

HOE WERK DIT?

Die vrou het 13 kinders tussen die ouderdomme van 1 en 12 en haar man het weggeloop.

Regter: "Wanneer het hy jou verlaat?"

Vrou: "Twaalf jaar gelede."

Regter: "Maar waar kom al die kinders vandaan?"

Vrou: "Hy het aanhou kom sê hy is jammer."

KWAAI KONDISIE

Jan kom van die dokter af.

"Wat sê hy?" vra sy vrou.

"Hy sê ek het 'n ernstige kondisie. Ek moet vir die res van my lewe elke dag 'n pil sluk."

"Ag," sê sy, "ek dog dis erger. Wat is so erg daaraan?"

Jan: "Wel, hy het my toe net sewe dae se pille gegee."



"Ek het mos gesê ek wil nie swem nie!"

TROU

Om te trou, is soos om te gaan uiteet. Jy bestel jou kos, en wanneer dit by die tafel kom, wens jy jy het bestel wat die ou by die tafel langsaan eet.

ONTYDIGE NOOD

Gammat werk by 'n konstruksie maatskappy en kom eendag vroeg by die huis.

Meraai: "Babe, wat is dan vakeed?"

Gammat: "Allie mense met wie ek saam gewêk het, is dood."

Meraai: "Wat het gabeer?"

Gammat: "Nei, die lift se cables het gabreek en toe lost die lift control en almal is toe dood."

Meraai: "Nou hoe's dit dan dat dji gesurwaaif het?"

Gammat: "Ek was toilet toe en toe ek t'rugkom, was almal kla' dood. Ek hoo' hulle families gaan elkeen R1 miljoen rand kry."


Meraai: "Dji is die mies uselesste man wat ek ken! Da ve'loor ek nou one million rands en als deer djou aliewige ontydige geskytery!"

BC deur Parker en Hart



Uit die Wakis

Stories vir die vaak



Niemand glo meer oumense nie

Almal dink hulle is seniel

'n Bejaarde paartjie het hul 60ste huweliksherdenking gevier. Hulle was as kinders al verlief en het op hul oudag na hul ou woonbuurt teruggekeer toe hulle aftree.

Hulle het hande gehou en na hul ou skool geloop. Die deur was oop, en hulle het ingestap en die ou skoolbank gekry waarop Pieter uitgerkerf het PIETER SANNIE.

Op pad terug huis toe het 'n sak vol geld uit 'n gepantserde voertuig geval en omtrent voor hul voete geland.

Sannie het dit opgetel en omdat sy nie geweet het wat om daarmee te maak nie, het hulle dit huis toe geneem. Daar het hulle die geld getel: R100000!

Pieter het gesê hulle moet dit teruggee, maar Sally het gesê optelgoed is hougoed. Sy het die sak met geld in die solder gaan bêre.

Die volgende dag het twee konstabels in 'n huis-tot-huis-soektog aan hulle deur geklop en gevra of een van hulle dalk gister 'n sak uit 'n voertuig sien val het. Sannie het nee gesê.

Toe sê Pieter sy het dit in die solder weggesteek.

"Moenie hom glo nie," het Sannie gesê. "Hy is besig om seniel te raak."

Die konstabels het na Pieter gedraai en hom begin ondervra en die storie van die begin af te vertel.

Pieter: "Wel, ek en Sannie was gister op pad terug van die skool af toe . . ."

Die een konstabel het na die ander gekyk en gesê:

"Kom, hier mors ons ons tyd!"

Om politiek korrek te wees

Die hele samelewing is mos deesdae ingestel om politiek korrek te wees.

Soos wanneer jy Die Stem wil sing, moet dit verkieslik in jou eie badkamer wees.

Hier is 'n paar PK-sêgoed vir mans:

1. Hy het nie 'n BIERPENS nie - hy het 'n fasiliteit vir die stoor van vloeibare graan ontwikkel
2. Hy is nie 'n SLEGTE DANSER nie - hy is 'n baie rassuiwer Kaukasiër.
3. Hy VERDWAAL nie gedurig nie - hy ondersoek alternatiewe roetes en bestemmings.
4. Hy is nie BLES nie - sy follikels regresseer.
5. Hy is nie 'n yslike POEPHOL nie - hy ontwikkel 'n geval van annale inversie.

Geld se waardeloosheid

'n Pasiënt word in die hospitaal wakker nadat hy 20 jaar in 'n koma was. Toe hy uitgewerk het wie hy is, stap hy in die gang af en bel sy finansiële adviseur om hom van sy herstel te vertel.

"Wel," sê die man, "ek het goeie nuus vir jou. Die R100 000 polis wat jy uitgeneem het toe jy siek geword het, is nou 'n miljoen rand werd."

"Dis wonderlik!" sê die man in die hospitaal. Hy wou nog verder praat toe 'n opgeneemde stem hom onderbreek:

"Hierdie gesprek is nou tot 'n einde. Om voort te gaan, gooi asseblief nog 'n miljoenrand muntstuk in die gleuf."

Aan almal wat die 1930's tot 1970's oorleef het

- ♣ Eerstens het ons die rokery en drinkery van ons moeders oorleef terwyl hulle swanger was.
- ♣ Saans is ons bedjies gesit op ons magies in 'n kot wat oorgetrek was met helderkleurige verf met 'n loodbasis.
- ♣ Ons het geen kindvaste deksels of proppe op medisynebottels, deure of kaste gehad nie en geen kopskerms gedra as ons fietsry nie - om nie te praat van die risiko's toe ons duim gery het nie.
- ♣ As kleuters en kinders kon ons agter op die sitplek sit sonder veiligheidstoele, veiligheidsgordels of lugsakke.
- ♣ Om agter op die bakkie te ry was groot pret en ons het water uit die tuinslang gedrink en nie uit bottels nie.
- ♣ Ons het ons koelrankies met vier vriende uit een bottel gedeel en niemand is daarvan dood nie.
- ♣ Ons het sjokoladekoek en wit brood geëet met regte botter en Kool Aid met suiker gemaak om te drink, maar ons was nie oorgewig nie want ons het altyd buite gespeel!
- ♣ Ons het die huis verlaat in die oggend vroeg en het heeldag gespeel. Solank ons terug was as die straatligte aankom of voor die kerse aangesteek was. Niemand kon ons deur die dag kontak nie en ons het almal veilig teruggekeer huis toe.
- ♣ Ons het ure spandeer deur kaskarre te bou uit afvalhout en yster en ou stootwaentjiewiele en het dan teen die steilste bulte afgejaag, net om uit te vind ons het vergeet van die brieke. Nadat ons 'n paar keer die kaskar omgegooi het en tussen die bosse ingejaag het, het ons geleer om die probleem op te los.
- ♣ Die dogtertjies het die rokkies in hul broekies gestee om ook in al die pret te kon deel en niemand het iets daarvan gedink nie.
- ♣ Ook was daar nie tyd vir dwelms nie want ons ouers het nog genoeg vir ons omgee om ons boude aan die brand te klits as ons iets ongehoords sou probeer doen.
- ♣ Sondae het ons almal ons beste kleertjies aangetrek en kerk toe gegaan. Geen verskonings om tuis te bly was aanvaarbaar nie.
- ♣ Braaivleis en partytjies op Sondae was uit. Ons het geweet wat ses dae moet jy arbei en al jou werk doen en die sewende dag moet jy rus beteken. Daar het ons geleer van liefde, respek, hoe om God te vrees en te vertrou. Dat vaders en moeders geëer moet word en dat ons monde met seep uitgewas sal word wanneer ons vloek of teëpraat.
- ♣ Boekevat saans na ete was 'n werklikheid en ons almal het aandagtig geluister want vroeë is gevra oor die stukkie wat gelees was.
- ♣ Ons was ook geleer hoe om elke aand voor ons bedjies te kniel en te bid.
- ♣ Ons het nie Playstations, Ninetendos, X-Boxes of enige videospeletjies gehad nie. Inkopies doen vir ontspanning was nie aan ons bekend nie en klere met etikette was toe ook nog nie eers in China gemaak nie.
- ♣ Snobisme was 'n galbitter vrug wat net in die Amasone gegroei het en sakgeld was iets wat net die Staatspresident van geweet het.
- ♣ Ook nie 150 TV kanale, DVD's of video fliks, selfone, persoonlike rekenaars met internet, Facebook of chatrooms nie...
- ♣ Ons het vriende gehad en as ons hulle gesoek het, het ons net buite toe gegaan.
- ♣ Ons het uit bome geval, was gesny en het bene gebreek en daar was geen geregtelike eise vir hierdie ongelukke nie.
- ♣ Ons het wurms en modderpasteie geëet en die wurms het nie vir altyd in ons geleeft nie.
- ♣ Ons het windbukse en poppe gekry vir ons tiende verjaarsdag, speletjies opgemaak met stokke en tennisballe, ou komberse en peule en al het niemand ons gewaarsku dat dit kan gebeur nie, het ons min oë uitgesteek.

 **OULIKE**
 **OUTYDSE**
 **RYMPIES**

Wie van julle het al van hierdie een gehoor? Dis 'n ou Griekwa-liedjie:

Anna Panna

Anna Panna koek en tert,
vat die besem, vee die herd,
vat die skop en tel dit op,
gooi dit in die vark se hok.
Anna Panna bosluisblad,
loop in die pad dat haar pote so klap.

En hier is nog 'n paar Afrikaanse gediggies:

Die luitard se wens

Ek wens dat aldag Sondag was,
en kermis in die week,
dat eet en drink my ambag was,
dan werk ek nooit 'n steek.

Lot is dood

Lot is dood, Lot is dood,
Jonas lê op sterwe.
Eintlik is dit baie goed,
dalk kry ons iets te erwe!

Die luitard se almanak

Elke Maandag maak ek klaar
om Dinsdag te verjaar.
Woensdag is ek siek,
Donderdag werk ek niet.
Vrydag is dit Slamse kerk,
wie de drommel sal nou Saterdag
werk?
Sondag is dit weer kerk!

Die haastige moeder

Antjie my kind,
so gou as die wind.
Maandag getroud,
Dinsdag 'n kind,
Woensdag gedoop,
Donderdag laat loop,
Vrydag gespeen,
Saterdag weer een!

Kokkewiet

Kokkewiet, kokkewiet,
my vrou is siek
in die middel van die week
maar Sondag niet.
Gee ek haar boontjies
dan roer sy haar toontjies,
gee ek haar 'n ertjie
dan kwispel haar stertjie,
gee ek haar sop
dan skop sy agterop.

Stamboom

Help ons familiesoekers

DE KOKER hansiefritz@vodamail.co.za

Johannes Jakobus gebore 12.07.1930 sterf 18.12.1983 Pietersburg

DU PREEZ gertruidab@tshwane.gov.za

Addisioneel: Ek is op soek na al die Du Preez en Krugers.

ISAAKS evedme123@hotmail.com

Ons is op soek na ons familie (oupa) dis my pa se pa. Ons het hom nooit ontmoet nie. Hy het laas in Kimberley gebly. Het ook voorheen in Prieska gewoon.

Hy is Eerw R.G. Forster.

NIGRINI christelle.gear@yahoo.com

My ouma was Anna Susanna Nigrini, gebore 30 Junie 1914, McGregor (Sy was getroud met Nicolaas Lodewikus Erasmus, en hulle het gebly op Rheebooskraal, McGregor). Haar pa was Johannes Bernardus Nigrini, gebore: 16 Augustus 1887

Haar ma was Christina Francina Swart, gebore 7 Augustus 1884

Enige inligting van die Nigrini's sal baie waardeer word.

PUTTER Melanie_witthuhn@hotmail.com

I am looking for information about my grandfather Karel (C) Willem Putter. He was born in Idutywa in Eastern Cape, he lived in Sailsbury, Rhodesia in Inverness Road, Jameson Avenue Extension. He lived in Natal during 1940's and married Jessie Sylvia Alexander. I would appreciate any information about this branch of my family.

VAN LOGGERENBERG agnesventer@rocketmail.com

Dogter van Agnes Miriam van Loggerenberg, was getroud met Casper Willem Barnard. Albei was afkomstig van Karatara en Sedgfield en omgewing. Wil graag kontak maak met my niggies en nefies.

VAN ZIJL / VAN ZYL dimitrie@vodamail.co.za

Jacobus Marthinus van Zijl (Kinders was van Zyl) gebore 25/12/1894 - 16/04/1967 was getroud met Isabella Jacoba de Beer gebore 23/07/1897 - 03/09/1965.

VENTER Wimventer@outlook.com

W.D. Venter: Gebore 3.5.1816, oorlede 29.7.1892.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“

Die ontvangsdame by die spreekkamer skrik haar melkgoedjies amper van haar lyf af.

Deur **MARNUS STEYN**

"Nou wie de dinges het jou neus so opgedonner?", vra Dirk, my ou skoolvriend. Ek sukkel maar om vir Dirk te lieg en besluit om te biegl.

Vroutjie en ek sit aan die ontbyttafel. Ek geniet die spek en eiers. Liefie sit oorkant my. Ek gooi nog so 'n bietjie sout uit die Cereboshouer. Sy kyk my skeef aan want sy hou nie daarvan as ek haar kos dokter nie. Ek het 'n saak op die hart en haal my bril af want ek kan beswaarlik daardeur kyk.

"Jy weet Skatjie, dit lyk vir my dat jy ook nou op, so te sê, jou sewentigste verjaarsdag aan daardie 'koud in die bed-siekte' begin ly!"

Klaar moerig, verloor sy beheer en gryp Liefie die soutpot. Sy gooi die ding met groot akkuraatheid na my toe. Ek kon nie eers dink nie, newermaand koes, toe tref die pot my teen die neus en mis my oog net net. Gelukkig was my bril op die tafel anders was daar erger sports.

Met dié dat ek te laat reageer, skop ek myself agteroor. Die stoel gly half onder die tafel in. Die rugleuning breek af en ek lê in 'n "W" gebuig, gedeeltelik op die stoel en my knieë skop onder die tafelblad vas. Ek kom eers tot my sinne nadat die stoel se voorpote vasgehaak het in 'n gleuf van die vloerteëls.

Daar lê ek! Ek voel iets warm teen my wang af loop. Koffie is dit nie. Ek sien die bloed wat op my hemp drup. Eintlik vloei!

Van die helse valslag kon ek nog nie vasstel of daar moontlik iets anders is wat ek ook gebreek het nie. Versigtig en met moeite ontrafel ek my lyf uit die penarie.

Eindelik op my agterpote en met die bloed wat oral alles bemors, skreeu ek vir Liefie. "Waar is jy?"

Doodse stilte heers in die vertrek. Van die vyand is daar niks te sien nie.

Ons bly in 'n aanhaak-woonstel wat deel uitmaak van ons jongste spruit se huis. Sy het seker na hulle toe gevlug.

Intussen tjaarts ek vir die badkamer. In die spieël sien ek die bloed teen my neus en wang afloop. Herinner my aan daai jaar by Augrabies na die lekker reën. Ek rol van die toiletpapier af en probeer die ergste bloeding keer. Daar is 'n redelike diep sny hoog op teen my neus met die een punt naby die hoek van my regteroog. Dit stroom so dat ek bekommerd begin raak. Hoeveel bloed het 'n volwassene in sy liggaam? Volgens my is daar seker al vier liters uitgepomp! Ek voel sommer dadelik swakker.

Met 'n kussing toiletpapier op die wond, soek ek in die medisynekas vir watte of 'n pleister. Boonop het ek 'n probleem om te kan sien. Die een oog knyp ek toe weens die bloed en my bril is êrens op die kombuistafel. Eindelik kry ek 'n dosie met 'n soort watterigheid in die hande. Dit is 'n plat stuk lap met watte binne in en het so 'n oulike strokie met 'n paar selfkleefvlerkies. Ideaal vir my probleem.

Ek lig die dekstrokie af en plak die tamaai pleister skuins oor my neus, bo-oor my regteroog en teen my voorkop vas. Die onderpunt plak ek ookruis op my linkerwang vas. Baie bedagsaam van vroutjie om te sorg dat daar pleisters in die huis is. En my moerigheid teenoor haar daal so effe.

Met die bloed darem so tydelik gestop, maak ek 'n breek met die sleutels in my hand - kar toe. Gee nie om vir die bloed oral op my klere nie. Te oud om nog oor sulke goed bekommerd te wees.

Die ontvangsdame by die spreekkamer skrik haar melkgoedjies amper van haar lyf af. Die paar mense wat daar sit, veral die dames, kyk my baie snaaks aan. Ek word vinnig in die dokter se "operasiesaal" ingeboender.

Dokter T. is reeds sowat 40 jaar ons huisarts. Al vier kinders het mangelontsteking by hom geslaag en ek en Liefie herhaal reeds ons meestersgrade vir die hoeveelste keer in pasiëntpatalogie. En vandag gaan ek weer pataal!

"Wat de joos het met jou gebeur?", vra Dr T. Ek vertel hom die storie.

"Mens, sy is dan so 'n saggearde vrou. Sal nie eens 'n muggie skade aanrig nie," seg hy. "Oulike manier hoe jy die gebloei gestop het. Nog nie vantevore dit gesien met 'n aanranding nie! Gee my gou jou selfoon sodat ek dit vir jou kan afneem. Net in geval jy 'n saak wil gaan maak."

"Nee wat, ek dink nie dit sal nodig wees nie. Ons is mos bedmaatjies en ons gaan nou nie regtig só kwaad vir mekaar wees nie!" sê ek. Maar neem maar gerus 'n foto, ek kan dit mos altyd later teen haar gebruik vir afpersing," en ek gee vir hom my selfoon aan.

Na twee pynlike inspuittings en vier steke vat ek die pad huiswaarts. Die sny is netjies met 'n pleister toegeplak, maar ek moet te wagte wees dat die area om die wond binne 'n dag of wat lelik gaan verkleur en swel.

By die huis aangekom is dit soos 'n bynes. Drie van die seuns, een skoonogter en vier kleinkinders asook die "vyand" storm op my af toe ek my verskyning maak.

"Waar de drommel was Pa?," vra die oudste seun. "Ons het ons kaduks geskrik met al die bloed wat so oral op die vloer en in die badkamer is. Ons het pa gaan soek by die ongevalle-afdeling by Florakliniek, ons het die ambulansdiens en Helen Joseph-hospital gebel en pa is net skoonveld. Pa kon darem 'n nota gelaat het of vir ma gesê het waarheen pa gaan!"

"Ja, ja, ja, julle was nie hier nie. Julle het geen idee van hoe ek hier geworstel het om nie te sterf van bloedverlies nie! Waar was julle ma toe ek haar in my nood geroep het? Net verdwyn!"

Ter versagting moet ek toegee dat Liefie nog nooit die aanskoue van bloed kon hanteer nie. As daar enige bloed loop, vat sy die hasepad en ek moet dokter speel.

Nadat almal kans gekry het om gal te braak en omdat ek hulle ma grof beledig het, moes ek toe ook "please explain."

"Loop maak eers vir ons almal sterk koffie en gee die kleinkinders koeldrank en se hulle moet loop speel want ons gaan nou oor goed praat wat nie vir hulle ore bedoel is nie," sê ek.

Nadat almal, koffie in die hand, hulself sit gemaak het, breek my preekbeurt aan.

"Julle dra sekerlik kennis van dit wat julle ma vir julle gesê het. Luister baie mooi na wat nie gesê is nie!

Ek kan nie presies die woorde onthou nie, maar dit was iets soos:

"Vir 'n vrou van amper sewentig het jy nou ook daardie 'koud in die bed siekte' ontwikkel."

Daar was nie tyd om die res van die sin te voltooi nie en dit was baie belangrik naamlik:

"Jou voete is die laaste tyd so blerrie koud soos ysblokke!"

Doodse stilte. Almal kyk my net in ongeloof aan. Uiteindelik vra een van hulle, "Is Ma se voete regtig koud?"

"Julle kies verniet jul ma se kant, kyk ek het die aanranding afgeneem, net vir ingeval," en haal my selfoon uit en gee dit met die foto as bewysstuk nommer een aan vir die jurie. Miskien kry hulle my tog nog jammer.

Soos hulle die selfoon vir mekaar aangee, bars elkeen kliphard uit van die lag. Een hardloop badkamer toe en kom terug met die pakkie 'pleisters' in die een hand en my bril in die ander. Gelukkig is my gesig klaar rooi van al die kastyding. Met die opsit van die bril swem die prentjie van 'n dametjie wat huppel oor 'n veld van blomme in sig.

"New Freedom - vrolike, vroulike doekies!" Ek wonder of ek hierdie kopskoot ooit gaan vergeet!